UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

# Ko-Kurrikulêre Erkenning

| | |
|---|---|
| **Tipe dokument:** | Reglement |
| **Doel van die beleid:** | Om die formele erkenning van ko-kurrikulêre aktiwiteite tot die akademiese transkrip te reguleer |
| **Goedgekeur deur:** | Senaat |
| **Goedkeuringsdatum:** | 23/11/2018 |
| **Implementeringsdatum:** | 01/04/2019 |
| **Datum van volgende Hersiening:** | Die reglement moet gedurende die vyfde jaar van bedryf hersien word. Dit kan vroeër, of meer as een keer gedurende die periode van bedryf hersien word, indien die eienaar van die Reglement dit nodig ag. |
| **Datum(s) van vorige Hersienings:** | *Vierde Weergawe:* 14 Julie 2015, Prof. I Cloete, Senior Direkteur: Institusionele Navorsing en Beplanning<br>Die reglement is voorafgegaan deur drie konsep-weergawes wat deur die Studenteraad opgestel is, maar nie aan die RBS voorgelê is vir goedkeuring nie.<br><br>*Derde Weergawe:* 3 Maart 2014, Me. Chrisna Robbertse, Voorsitter: Akademiese Belangeraad en Studenteraad, 2013/2014.<br>*Tweede Weergawe:* 7 Maart 2013, Zandri le Grange, Voorsitter: Akademiese Belangeraad 2011/2012 & Studenteraad 2012/2013.<br>*Eerste Weergawe:* Neil de Kock, SR-Beleidseenheid, Studenteraad 2011/2012 |
| **Beleideienaar[1]:** | Viserektor: Leer en Onderrig |
| **Beleidkurator[2]:** | Senior Direkteur: Afdeling Studentesake |
| **Sleutelwoorde:** | Ko-Kurrikulum, ko-kurrikulêre, erkenning, ervaringsonderrig, ervaringsleer, graduandi-eienskappe |
| **Geldende Weergawe:** | Die Engelse weergawe van hierdie reglement is die oorspronklike weergawe en die Afrikaanse weergawe is 'n vertaling daarvan. |

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

[1] Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.
[2] Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

## 1. BESONDERHEDE VAN REGLEMENT

### Verklaring van reglement

Die Universiteit Stellenbosch (US) erken die rol van ervaringsopleiding as instrumenteel in die ontwikkeling van die kritiese kennis, vaardighede, kwaliteite, bevoegdhede en eienskappe wat gegradueerdes vir die 21ste eeu benodig. Die kerndoel van die reglement is om veelsydige leerervarings buite die klaskamer te erken, wat op sy beurt as motivering dien ten opsigte van studentebetrokkenheid, 'n bewese faktor wat tot studentretensie en -sukses lei. Die akademiese transkrip bied 'n opsomming van alle formeel geassesseerde leer, toekennings en prestasies wat deur 'n student gedurende sy/haar studies aan die US behaal is. Die akademiese transkrip sluit studenteleer en -ontwikkeling in, sowel as bevoegdhede wat in die ervaringsonderriggebied bereik is. Erkenning van 'n ko-kurrikulêre kursus of -toekenning sal slegs op die akademiese transkrip in die jaar van toekenning of kursusvoltooiing ingesluit word.

Die US het die konseptuele begrip van die ko-kurrikulum as lewenswye ervaringsopvoeding[1] waarin die akademie ingebed is, aangeneem, terwyl dit gelyktydig deur die akademiese ondervinding gevorm word, wat die leerervaring van die student aanvul, verhoog en verdiep. Deur die ko-kurrikulum doelgerig te vorm, word studentebetrokkenheid en die verhouding tot die sosiale, akademiese en institusionele lewe verdiep en versterk. Verder behels die US se ko-kurrikulum doelbewuste, ervaringsleeraktiwiteite[2] wat die persoonlike-sosiale-akademiese lewens van studente insluit en bydra tot die holistiese ontwikkeling en die verwesenliking van die US se graduandi-eienskappe. Die fasiliteerder/dosent in hierdie geval staan bekend as 'n ervaringsopvoeder[3], aangesien die rol meer as net fasilitering of die passing van leerstyl by onderrigstyl behels. Dit is 'n holisties studentgesentreerde proses wat die dimensies van die ervaringsleersiklus deur aanpasbare, soepel leer- en opvoedkundige style insluit[4].

Ons definieer die ko-kurrikulum van die US as samehangende, doelgerigte ervaringsonderrig wat kennisverwerwing versterk, kritiese vaardighede en bevoegdhede ontwikkel, waardes en belange bou, gemeenskapsvorming bevorder, doelbewus die ontwikkeling van holistiese studentontwikkeling tot Afrika-gesentreerde wêreldburgerskap skep.

### Konseptuele raamwerk

Die US se ko-kurrikulumkantoor streef daarna om ko-kurrikulêre opvoeding op so 'n wyse te posisioneer wat studente toelaat en aanmoedig om krities om te gaan met kennis en die aard en toepassing daarvan. Hierdie benadering erken dat studenteleer en -vorming reeds voor toelating tot die universiteit plaasvind. Studente se kennis en begrip van die wêreld beïnvloed die leer en onderrig binne die kurrikulum en die ko-kurrikulum. Die ko-kurrikulumerkenningsproses integreer die institusionele beginsels van leer en onderrig as bydraend tot die vorming en ontwikkeling van die kognitiewe karakter van studente. Die doel is om gegradueerdes te ontwikkel wat effektief en krities kan dink, diepte in een of ander

1 Ervaringsonderrig word gedefinieer as die filosofie en metodologie waarin ervaringsopvoeders doelbewus betrokke raak by studente met direkte ervaring en gefokusde refleksie om kennis te verhoog; vaardighede te ontwikkel en waardes te omskryf – Vereniging vir Ervaringsonderwys, 2004.

2 Die US se ko-kurrikulumervaringsleerbenadering word ondersteun deur ervaringsleerteorie (ELT) wat leer omskryf as 'n proses waardeur kennis geskep word deur die transformasie van ondervinding (Baker, Jensen, & Kolb, 1997; Gosenpud, 1986; Herz & Merz, 1998; Kayes, Kayes, & Kolb, 2005a, 2005b; Specht & Sandlin, 1991; Thatcher, 1986) aangehaal uit Kolb, A. & Kolb, D., 2009. The Learning Way: meta-cognitive aspects of experiential learning. *Simulation & Gaming,* 40: 297-327.

3 Die ervaringsopvoeder is 'n unieke persoon in verhouding met ewe unieke studente, beïnvloed deur 'n wye verskeidenheid kontekste in 'n samewerkende vennootskap om deur ervaring te leer (Kolb, A. & Kolb, D. 2017. The Experiential Educator: Principles and practices of experiential learning. EBLS Press, USA.)

4 Ervaringsopvoeders organiseer leeraktiwiteite op 'n manier wat die vier leersiklusse van ervarings, refleksie, denke en rolspel aanspreek. Soos studente deur die leersiklus beweeg, pas ervaringsopvoeders hul rol aan van fasiliteerder, inhoudskenner, assessor/evalueerder na leerafrigter. Kolb, A. & Kolb, D., 2009. The Learning Way: meta-cognitive aspects of experiential learning. *Simulation & Gaming,* 40: 297-327.

kennisveld bereik het en die waardes waardeer waartoe ons kennis en begrip van die heelal, van die samelewing en van onsself verkry. Ons gegradueerdes moet ook 'n breë kennis hê van ander kulture en ander tye, in staat wees om besluite te neem gebaseer op verwysing na die breër wêreld en die historiese magte wat dit vorm, begrip en ervaring hê van sistematies te dink oor morele en etiese probleme, en in staat wees om met oortuiging te kommunikeer. Geleenthede vir verdere persoonlike ontwikkeling is in die akademiese programme ingesluit, sowel as alleenstaande aktiwiteite binne en buite die klaskamer. Studente word die geleentheid gebied om aan 'n wye verskeidenheid ervaringsleergeleenthede deel te neem deur deelname aan leierskapsprogramme, mentorskap, tutoriale, berading, sport, verenigings, vrywilligerswerk, bewusmakingsinisiatiewe, loopbaanadvies en so meer.

**Doelwitte van die ko-kurrikulêre reglement**

Die volgende doelwitte van die reglement lei tot die akkreditering van ko-kurrikulumgeleenthede vir die akademiese transkrip:

1. Om by te dra tot die US se Visie 2040 soos weerspieël in die Strategiese Raamwerk (2019-2024) as Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit, wêreldwyd erken as inklusief en innoverend, waar ons kennis in diens van die gemeenskap bevorder;
2. Om vaardighede, bevoegdhede en waardes te ontwikkel wat in pas gebring word met die ontwikkeling van die graduandi-eienskappe;
3. Om te voldoen aan beginsels en bepalings vir die formele erkenning van studente-ervaringsleer in die kurrikulum en ko-kurrikulum;
4. Om kriteria vir die optekening en erkenning van ko-kurrikulêre aktiwiteite op die akademiese transkrip te bewerkstellig.

**Mense wat deur hierdie reglement geraak word**

Alle geregistreerde studente aan die US; Afdeling Studentesake; ander US-steundiensafdelings; fakulteite; Studente-Inligtingstelsel-Ondersteuning (SISO); Afdeling van die Registrateur.

**Wie moet hierdie reglement lees**

Alle personeellede, alle geregistreerde studente aan die US; dekane; direkteure; departementshoofde; eenhede; afdelings.

**Webadres/skakel vir hierdie reglement**

https://www.sun.ac.za/afrikaans/policy/
https://www.sun.ac.za/afrikaans/learning-teaching/student-affairs/

## 2. BEGINSELS WAT HIERDIE REGLEMENT BESTUUR

**2.1** ***Gehalteversekering van leer en ontwikkeling***

Die US se akademiese- en kwaliteitsversekeringsbeginsels moet van toepassing wees op leer, ontwikkeling, fasilitering, assessering en evaluering van ko-kurrikulêre aktiwiteite.

**2.2** ***Veelvuldige ervaringsopvoeding***

Hierdie reglement poog om die akademiese transkriperkenning van 'n wye spektrum ervaringsleeraktiwiteite te rig, wat die geleentheid bied vir studente om aansoek te doen om ko-kurrikulêre erkenning op gebiede wat nie in hierdie reglement gespesifiseer word nie.

**2.3** ***Omvang van transkriperkenning***

Transkriperkenning sal slegs verleen word na suksesvolle voltooiing van 'n ko-kurrikulêre geleentheid of program.

**2.4** ***Graduandi-eienskappe***
Prestasies wat op die akademiese transkrip erken word, moet die US se bevoegdhede demonstreer wat toegeken word aan die US se graduandi-eienskappe wat binne die ko-kurrikulum geassesseer en geëvalueer is.

**2.5** ***Dienserkenning, studente-ontwikkeling en leierskap***
Benewens die prestasies op akademiese-, sport- en kulture vlak, sal transkrip-erkenning verleen word aan dienslewering en persoonlike ontwikkeling in terme van studenteleierskap, gemeenskapsinteraksie, Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling (FVZSI) en ander kortkursusse wat suksesvol voltooi is.

**2.6** ***Verifiëring van prestasies en ervaringsopvoeding***
Die ervaringsopvoeder sal verseker dat kursusassesserings en evalueringsvereistes nagekom word. Die lys van studentename word aan die lynbestuurder of departementshoof gestuur vir goedkeuring. Daarna sal die goedgekeurde lys studentename na die ko-kurrikulumkantoor gestuur word. Die ko-kurrikulumkantoor sal 'n minimum van 10% van die uitslae ooreenkomstig met die US se kwaliteitsversekeringsbeginsels modereer voordat studente se name aan SISO gestuur word vir die insluiting van hul ko-kurrikulêre prestasies op die akademiese transkrip.

**2.7** ***Ko-kurrikulumkategorieë***
Tipiese kategorieë vir ko-kurrikulumerkenning is akademiese leierskap; studenteleierskap; persoonlike leierskap; sosiale impak; interkulturele betrokkenheid; sport en welwees; beurstoekennings en dienserkenning. Die huidige ko-kurrikulumkategorieë word in Bylae A gelys en beskryf. Die Ko-kurrikulumerkenningskomitee kan van tyd tot tyd kategorieë byvoeg, verwyder of verander sonder dat die reglement heroorweeg moet word.

## 3. BEPALINGS VAN DIE REGLEMENT

**3.1** Die Afdeling van die Registrateur is verantwoordelik vir die uitreiking van akademiese transkripte. Die transkripte word saam met die graadsertifikate as deel van die akademiese rekord by die jaarlikse gradeplegtighede uitgereik. Hierdie praktyk skep 'n duidelike samehang tussen kurrikulêre en ko-kurrikulêre prestasies.

**3.2** Die reglement is van toepassing op alle geregistreerde studente van die US. Toekennings en ko-kurrikulêre erkenning sal nie terugwerkend toegestaan word na die gradeplegtighede nie. 'n Twee-maande-vensterperiode sal in uitsonderlike omstandighede toegelaat word. 'n Motivering wat aan die ko-kurrikulumbestuurder gerig is, moet die ko-kurrikulumkantoor nie later as 31 Januarie van die daaropvolgende jaar na die ervaringsleergeleentheid voltooi is, bereik nie.

## 4. PROSEDURES VIR DIE IMPLEMENTERING VAN HIERDIE REGLEMENT

### 4.1 Funksies van die Ko-kurrikulumerkenningskomitee (KEK)

Die Ko-kurrikulumerkenningskomitee (KEK) bestaan uit die volgende lede:

- Die Senior Direkteur: Afdeling Studentesake as voorsitter van die komitee
- Die Registrateur
- Die Direkteur: Sentrum vir Studentegemeenskappe
- Die Direkteur: Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture
- Verteenwoordiging van die Komitee vir Leer en Onderrig
- Verteenwoordiging van die Sentrum vir Akademiese Beplanning en Gehalteversekering – moet aangewys word

- Die Voorsitter van die ABR
- Die ko-kurrikulumbestuurder as sekretariaat

4.1.1 Die KEK hou by die beginsels en prosedures vir implementering soos uiteengesit in hierdie dokument;

4.1.2 Die KEK het die reg om lede sonder stemreg vir spesifieke sessies te koöpteer afhangende van die tipe aansoek wat ontvang is of die aard van die situasie;

4.1.3 ’n Meerderheidstem sal die uitslag van ’n aansoekproses bepaal indien konsensus nie bereik word nie. Die KEK-voorsitter sal die beslissende stem hê in die geval van ’n gelykop uitslag;

4.1.4 Die ko-kurrikulumkantoor verseker dat notule gehou word en dat alle elektroniese dokumente wat aan die KEK voorgelê word vertroulik gemerk is en gestoor word;

4.1.5 Die ko-kurrikulumbestuurder skeduleer die KEK-vergaderings om die aansoeke ontvang te oorweeg;

4.1.6 Die KEK sal ten minste jaarliks voor die einde van September ontmoet;

4.1.7 KEK sal alle ko-kurrikulumprogram-/aktiwiteitsaansoeke vir akkreditasie – beide nuwe aansoeke en heraansoeke – vir erkenning op die akademiese transkrip beoordeel;

4.1.8 Ko-kurrikulumerkenning op die akademiese transkrip sal onderhewig wees aan gehalteversekeringsmeganismes en -prosesse.

4.1.9 Konflikte word deur die ko-kurrikulumbestuurder opgelos en slegs indien dit nie moontlik is nie, deur die KEK. Die KEK sal hierdie geskille hanteer in sy vergaderings wat uit minstens ’n kworum van 50% + 1 van stemgeregtigde lede bestaan. Die besluit van die KEK is finaal.

### 4.2 Kortkursusse

Hierdie reglement beheer nie die administrasie of toekenning van kortkursusse binne die ko-kurrikulumdomein nie.

4.2.1 Alle kortkursusse word deur INNOVUS geadministreer.

4.2.2 Die Universiteit erken die belangrikheid van studenteleer en -ontwikkeling deur kortkursusbywoning en deelname. Die US sal jaarliks die voltooiing van kortkursusse op ’n student se akademiese transkrip registreer sonder om ’n versoek van die student te vereis.

## 5. REGLEMENTBEHEER

### 5.1 Eienaar van die reglement

Die Viserektor (Leer en Onderrig) is die eienaar van die reglement. Die Viserektor delegeer die oorkoepelende verantwoordelikheid vir die uitvoering van die reglement aan die Senior Direkteur Studentesake as kurator van die ko-kurrikulumreglement.

### 5.2 Datum van implementering

Die vorige weergawes van die reglement is gedeeltelik geïmplementeer met ingang van September 2013. Erkenning van ko-kurrikulêre prestasies volg die tydperk 2013, sonder terugwerkende erkenning aan studente wat voor 2013 gegradueer het. Dieselfde beginsel geld vir enige byvoegings/veranderings aan die lys van erkende prestasies wat op ’n later datum ingestel is. Geen prestasie voor die hersieningsdatum word terugwerkend erken nie.

Die implementeringsdatum is soos in die tabel op die omslagblad van hierdie reglement.

### 5.3 Hersiening

Die reglement word elke vyf jaar of vroeër hersien, soos deur die KEK bepaal.

**5.4 Aksie in geval van nie-nakoming**

Elke geval van nie-nakoming moet na die KEK verwys word. Die komitee het die reg om ’n erkende ervaringsleergeleentheid as ongeldig te verklaar en vir die Registrateur aan te beveel om die erkende aktiwiteit dienooreenkomstig van die rekord van goedgekeurde aktiwiteite te verwyder.

## 6. VERANTWOORDELIKHEDE

**6.1 Viserektor: Leer en Onderrig**

Verantwoordelik vir die reglement en die impak daarvan op die US;

**6.2 Die Registrateur**

Keur die aanbevelings van die KEK goed, waarna ’n spesifieke item op die transkrip sal verskyn;

**6.3 Senior Direkteur: Studentesake**

Lei die KEK-vergaderings en is verantwoordelik vir hierdie reglement regoor die instelling;

**6.4 Ko-kurrikulumbestuurder**

Verantwoordelik vir die erkenningsproses vir nuwe en vernuwing van ko-kurrikulêre programme/aktiwiteite;

Evalueer die geskiktheid van programme vir voorlegging aan die KEK; as sodanig sal alle ko-kurrikulêre aktiwiteite wat erkenning op die akademiese transkrip versoek, geëvalueer word vir gereedheid om aan die KEK voorgelê te word;

Verantwoordelik vir die sekretariaat van die KEK, insluitend die bekendmaking van die uitkomste van die erkenningsproses aan die betrokke partye;

Verantwoordelik vir die kommunikasie van die reglement aan relevante institusionele belanghebbendes.

## 7. HERSIENINGSPROSEDURE

Die ko-kurrikulumkantoor moniteer die implementering van hierdie reglement en beveel ’n hersieningsproses aan die KEK aan, soos vereis word deur wetgewing, organisatoriese veranderinge en ander oorwegings, of ten minste elke vyf jaar.

## 8. REGLEMENT WOORDOMSKRYWINGS

| TERM | DEFINISIE |
|---|---|
| Ko-kurrikulum (selfstandig naamwoord) | By die US praat ons van die ko-kurrikulum op dieselfde manier as die kurrikulum wat kennis en kennisskepping, vaardighede, bevoegdhede en vermoëns, binne en buite die klaskamer, aandui. Die gebruik van die term ko-kurrikulum dui op ’n selfstandige naamwoord, sowel enkelvoud as meervoud. Ons sal dus van ko-kurrikulumerkenning; ko-kurrikulumstrategie; ko-kurrikulumkoördineerder, ensovoorts praat. |
| Ko-kurrikulêr (byvoeglike naamwoord) | Die proses om hierdie kennis te verwerf, beskryf ’n aktiwiteit of ervaringsleer, die aktiewe deel van ko-kurrikulum, ons gebruik die term ko-kurrikulêr as adjektief, sowel enkelvoud as meervoud. Daarom praat ons van ko-kurrikulêre aktiwiteite. |

| | |
|---|---|
| Graduandi-eienskappe | US graduandi-eienskappe – doelbewus ingebed in die kurrikulum sowel as ko-kurrikulum. Sien Bylae B vir 'n meer gedetailleerde beskrywing van die graduandi-eienskappe.<br>'n Ondersoekende gees,<br>'n Betrokke burger,<br>'n Dinamiese, professionele persoon,<br>'n Goed afgeronde individu. |
| Ervaringsleer | Die US se ko-kurrikulumervaringsleerbenadering word ondersteun deur ervaringsleerteorie (ELT) wat leer omskryf as 'n proses waardeur kennis geskep word deur die transformasie van ondervinding (Baker, Jensen, & Kolb, 1997; Gosenpud, 1986; Herz & Merz, 1998; Kayes, Kayes, & Kolb, 2005a, 2005b; Specht & Sandlin, 1991; Thatcher, 1986) aangehaal uit Kolb, A. & Kolb, D., 2009. The Learning Way: meta-cognitive aspects of experiential learning. *Simulation & Gaming,* 40: 297-327. |
| Ervaringsopvoeder | Die ervaringsopvoeder is 'n unieke persoon in verhouding met ewe unieke studente, beïnvloed deur 'n wye verskeidenheid kontekste in 'n samewerkende vennootskap om deur ervaring te leer (Kolb, A. & Kolb, D. 2017. The Experiential Educator: Principles and practices of experiential learning. EBLS Press, USA.)<br>Ervaringsopvoeders organiseer leeraktiwiteite op 'n manier wat die vier leersiklusse van ervarings, refleksie, denke en rolspel aanspreek. Soos studente deur die leersiklus beweeg, pas ervaringsopvoeders hul rol aan van fasiliteerder, inhoudskenner, assessor/evalueerder na leerafrigter. |
| Student Ervaringsopvoeder | Die studentervaringsopvoeder aanvaar die rol van ervaringsopvoeder wanneer hy 'n ervaringsleergeleentheid vir hul eweknieë lei. S/Hy mag kies om die aktiwiteit aan die KEK voor te lê vir akkreditasie. |
| Ervaringsonderrig | Ervaringsonderrig word gedefinieer as die filosofie en metodologie waarin ervaringsopvoeders doelbewus betrokke raak by studente met direkte ervaring en gefokusde refleksie om kennis te verhoog; vaardighede te ontwikkel en waardes te omskryf – Vereniging vir Ervaringsonderwys, 2004. |
| Ervaringsvalideerder | Dit is 'n personeellid wat die studentervaringsopvoeder ondersteun deur te verseker dat alle akkrediteringskwaliteitsversekeringsvereistes nagekom word soos per implementeringskedule en 'n validasie-ooreenkoms (sien ondersteunende dokumentasie). |

## 9. ONDERSTEUNENDE DOKUMENTE

| **Naam van dokument** | **Status (geïdentifiseer, in proses, goedgekeur, ens.)** |
|---|---|
| Onderrig- en Leerbeleid | Goedgekeur 2018 |
| Strategie vir Onderrig en Leer 2017-2021 | Goedgekeur in Maart 2017 |
| US se Visie en Institusionele Strategiese Raamwerk | Goedgekeur deur die US Raad in Junie 2018 |

| | |
|---|---|
| US Reëls vir die Verkryging en Gebruik van Studenteterugvoer oor Programme, Modules en Lesings | Goedgekeur in 2016<br>Word hersien |
| Assesseringsbeleid en -praktyke aan die Universiteit Stellenbosch | Word hersien |
| Institusionele Studenteterugvoerbeleid | 18 April 2008 |
| Gehalteversekeringsbeleid | Word hersien |
| Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch | Goedgekeur in 2016 |
| US Beleid oor Onderrig- en Leermateriaal | Goedgekeur Junie 2007<br>Word hersien |
| Beleid oor Gestremdheidstoegang | Goedgekeur in April 2018 |

## BYLAE A

### Ko-kurrikulumakkreditasiekategorieë

**Akademiese leierskap**

Studente wat akademiese leierskap demonstreer, neem eienaarskap van hul eie leerreis deur aktief uitnemendheid in die akademie na te volg. Akademiese leierskap sluit in om vir leergeleenthede en navorsing, buite die vereiste graadkursus in te skryf. Dit behels kennisverwerwing en toepassing vir positiewe verandering.

**Studenteleierskap**

'n Studenteleier aanvaar verantwoordelikheid om kennis te deel deur ander te inspireer en te motiveer; mentorskap; veldtogte, ens. 'n Studenteleier streef daarna om die wêreld te verander deur binne hul eie gemeenskap te begin deur posisionele sowel as nie-posisionele leierskap. Hulle weerspieël konsekwente, waardegebaseerde leierskap in diens van die studentegemeenskap, Universiteit en verder.

**Persoonlike leierskap**

Dit is die leierskap van die self. Dit is die student se vermoë om 'n persoonlike leierskapspad te definieer, doelgerig te wees, met konsekwentheid te handel; integriteit en duidelikheid. Persoonlike leierskap behels die toepassing van beginsels van studenteleierskap en akademiese leierskap en die uitoefening van welwees in hul persoonlike domein in die eerste plek.

**Sosiale impak**

Hierdie kategorie erken individuele en kollektiewe aksies en dade van diens deur studente in reaksie op die uitdagings en behoeftes binne gemeenskappe. Studente pas innovasie en kritiese denke toe; tegniese kennis, vaardighede, vermoëns in diens van sosiale impak.

**Interkulturele betrokkenheid**

Interkulturele betrokkenheid behels aktiewe, gewillige betrokkenheid by ander kulture wat gegrond is op 'n begrip van sy eie kulturele posisie en respek teenoor mense van ander kulture. Studente wat aan interkulturele aktiwiteite deelneem, ontwikkel die vermoë om 'n invloed uit te oefen en leiding te neem in kultureel diverse gemeenskappe en samelewings, wat die verskille as 'n sterkpunt of pluspunt benut.

**Sport en welwees**

Hierdie kategorie bied erkenning aan studente wat aan formeel erkende aktiwiteite deelneem wat selfversorging demonstreer deur verantwoordelikheid vir hul fisiese en geestelike gesondheid te aanvaar. Dit sluit ervaringsleergeleenthede in wat fokus op gesonde leefstylkeuses wat die welsyn en sukses van die student volledig bevorder. Hierdie kategorie sluit in US-sportkodes wat ervaringsleergeleenthede bied.

**Beurstoekennings en dienserkenning**

Hierdie kategorie erken studenteprestasies en toekennings wat aan hulle toegeken word, soos die Rektor se Toekennings vir Uitnemende Prestasie; beurstoekennings gewoonlik deur middel van 'n keuringsproses. Daarbenewens sal studente wat die universiteitsgemeenskap gedien het deur middel van vrywilligersprogramme en spesiale projekte wat nie geakkrediteer is nie, erkenning ontvang.

**BYLAE B**

**US graduandi-eienskappe – gedetailleerde verduideliking**

**’n Ondersoekende gees**
- Lewenslange leerder
- Kritiese en kreatiewe denker
- Beoefen verantwoordelikheid vir leer en gebruik van kennis

**’n Betrokke burger**
- Leier en medewerker
- Sosiale entrepreneur
- Doeltreffend in ’n diverse omgewing

**’n Dinamiese, professionele persoon**
- Probleemoplosser
- Gebruik volhoubare en effektiewe tegnologie
- Innoverend

**’n Goed afgeronde individu**
- Blootgestel aan kulturele, intellektuele en sportlewe
- Neem verantwoordelikheid vir eie ontwikkeling
- Neem ingeligte en oorweegde besluite

**’n Ondersoekende gees**
’n Gegradueerde wat beskryf kan word as iemand met ’n “ondersoekende gees”, is nuuskierig, ’n lewenslange leerder wat krities en kreatief dink, en iemand wat stelselmatige metodes van ondersoek gebruik om besluite te formuleer. ’n Ondersoekende gees is oop vir nuwe sowel as uiteenlopende idees, is bereid om te leer uit die verworwe kennis van die verlede, sowel as om nuwe maniere van kennis en handel te bedink. Dit behels om die beste uit internasionale en dominante maniere van kennis te haal, en bykomend van inheemse, plaaslike en onderverteenwoordigde kennisbronne. Dit behels die interafhanklikheid van verskillende kennisbronne en kennisstelsels, om idees en inligting in multidissiplinêre spanne te kan verwerk. ’n Ondersoekende gees tref onderskeid ten opsigte van kennisbronne, kenniseise en die waardes van kennis. Hy of sy oorweeg die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid wat kennis en leer vergesel, en respekteer navorsingsgerigte benaderings tot probleemoplossing.

**’n Betrokke burger**
’n Betrokke burger is een wat leierskap kan uitoefen, en een wat verstaan hoe om as lid van ’n span en gemeenskap ’n bydra te lewer, om sodoende saam te werk en van diens te wees. ’n Betrokke burger gee om vir hom of haarself en is besorg met ander in die toenemende groeiende konsentriese kringe. Dit impliseer byvoorbeeld sorg in die gesinsverband, die werkplek of die klaskamer, op munisipale of streeksvlak, op nasionale, kontinentale sowel as internasionale vlak. Burgerskap impliseer ’n bewustheid van ’n verhouding tussen die verbintenis tot die plaaslike en nasionale beleid enersyds en ’n bewustheid van die gevare van verskillende vorme van eksklusiwiteit, aan die ander kant. ’n US-gegradueerde moes die geleentheid gehad het om betrokke te wees by kritiese gemeenskapsinteraksie in die streek en potensiële oplossings vir die krisisse van volhoubaarheid en klimaatsverandering te oorweeg. ’n US-gegradueerde sal bewus wees van die waarde van interaksie op ’n globale vlak, en oop wees vir

invloede van internasionale instellings. 'n Betrokke burger is blootgestel aan die idee dat transformasie van die samelewing die transformasie van die self behels.

**'n Dinamiese, professionele persoon**

'n US-gegradueerde moes baat gevind het by die geleentheid om kennis te leer en te kommunikeer in verskeie gemeenskaps-, besigheids-, professionele- en persoonlike gebiede. Hierdie vorme van kommunikasie is mondeling, geskrewe, digitale en multi-modale. 'n Dinamiese, professionele persoon trek voordeel uit geleenthede om te groei en voorspoedig te wees en gebruik kennis wat op universiteit en verder verkry word om probleme in die werkplek, huis en gemeenskap op te los. 'n Dinamiese, professionele persoon is innoverend, neem inisiatief en is bewus van die krag van entrepreneurskap. 'n Dinamiese, professionele persoon het die belangrikheid van etiese gedrag geleer en wat dit in die praktyk beteken. Terselfdertyd is 'n dinamiese, professionele persoon effektief, en gebruik eie talent sowel as die vermoë van ander. Die dinamiese, professionele persoon gebruik volhoubare en effektiewe tegnologie. Ten slotte het 'n dinamiese, professionele persoon die buigsaamheid om loopbaankeuses en -besluite te neem ten opsigte van die veranderende aard van die wêreld van werk.

**'n Goed afgeronde individu**

Die waarde van 'n US-kurrikulum (insluitende die ko-kurrikulum) moet duidelik wees in die uitbouing van die menslikheid van die gegradueerde. Dit behoort geleenthede te bied vir die student om deur sosiale en individuele dimensies te groei, asook intellektuele sowel as geaffekteerde dimensies. Die kurrikulum sal individue die geleentheid bied om met probleme van doeltreffendheid en meesterskap, sowel as met waardes as riglyne, te worstel. Dit moet die gegradueerde voorsien van 'n gevoel van die belangrikheid van estetiese, kulturele, geestelike en tradisioneel wetenskaplike modusse, en die waarde van fisiese sowel as intellektuele welwees en sportlewe. 'n Goed afgeronde individu sou die geleentheid gehad het om 'n potensiële bron van wysheid vir hom- of haarself te wees, sowel as vir diegene met wie hy of sy interaksie het, om dus ingeligte besluite te neem. 'n Goed afgeronde individu gebruik sy of haar opvoeding om die lewe in sy breedste vorm te verryk.